**RAADSKENNISGEWING 110 VAN 2017**

**OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: LIMIETBERG**

Die Wyn- en Spiritusraad, handelende kragtens artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990-

omskryf hierby die area in die Bylae gespesifiseer as 'n produksiegebied (wyk) onder die naam Limietberg.

**OLIVIA POONAH**
**SEKRETARIS: WYN- EN SPIRITUSRAAD**

**BYLAE**

**OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: LIMIETBERG**

Daardie gedeelte grond geleë binne die volgende grense:

Begin by die noordoostelike baken van Elands Kloof 16, in die omgewing van Hawequa Natuurreservaat; daarvandaan algemeen suid met die oostelike grense van genoemde Elands Kloof 16, State 228 en Bainsfor 229 tot by die suidoostelike baken daarvan; daarvandaan algemeen wes met die suidelike grense van genoemde Bainsfor 229 en Plaas 1270 tot by die suidwestelike baken daarvan; daarvandaan algemeen noord met die westelike grense van genoemde Plaas 1270, Plaas 227, Foxenburg 113, Stanvastigheid 118 en Plaas 1529 tot by die noordwestelike baken daarvan; daarvandaan verder algemeen noord met 'n denkbeeldige reguitlyn wat 'n verlenging is van die westelike grens van genoemde Plaas 1529 tot by 'n punt waar die aansluit by die Ou Hermonpad; daarvandaan verder noord met genoemde pad tot by 'n punt waar die pad die noordwestelike grens van Plaas 49 kruis; daarvandaan algemeen noord met die westelike grense van genoemde Plaas 49, Plase 21, 1315 en Elands Kloof 15 tot by die noordwestelike baken daarvan; daarvandaan oos met die noordelike grense van genoemde Elands Kloof 15 en Elands Kloof 16 tot by die noordoostelike baken daarvan; die beginpunt hierbo genoem.